education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

# GESKIEDENIS V2

## VOORBEREIDENDE EKSAMEN 2008

## MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

**TYD : 3 UUR**

**Hierdie memorandum bestaan uit 25 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

1.1 Die volgende Leeruitkomste en Assesseringstandaarde is in hierdie vraestel gebruik om kandidate te assesseer:

| Leeruitkomste | Assesseringstandaarde<br>Leerders kan die volgende doen: |
|---|---|
| **Leeruitkoms 1**<br><br>**(Geskiedkundige ondersoek)** | 1. Formuleer vrae om begrippe vir ondersoek binne die konteks van dit wat bestudeer word te ontleed. **(Nie vir eksamendoeleindes nie).**<br><br>2. Verkry toegang tot 'n verskeidenheid toepaslike inligtingsbronne om ondersoek te doen. **(Nie vir eksamendoeleindes nie).**<br><br>3. Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne.<br><br>4. Bestudeer inligtingsbronne en evalueer die nut van die bronne vir die taak, met inbegrip van steriotipes, subjektiwiteit en gapings in die beskikbare getuienis. |
| **Leeruitkoms 2**<br><br>**(Geskiedkundige begrippe)** | 1. Ontleed geskiedkundige begrippe as maatskaplike boustene.<br><br>2. Ondersoek en verduidelik die dinamika van veranderende magsverhoudinge binne die samelewings wat bestudeer word.<br><br>3. Vergelyk en kontrasteer die interpretasies en sieninge van gebeure, mense se optrede en veranderings om sodoende onafhanklike gevolgtrekkings te maak oor die optrede of gebeure. |
| **Leeruitkoms 3**<br><br>**(Vertolking van kennis en kommunikasie)** | 1. Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistiek omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekkings wat uit die data blyk krities.<br><br>2. Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument te bou met behulp van bewyse uit bronne om die argument te steun.<br><br>3. Handhaaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument met behulp van getuienis wat verskaf word en onafhanklik verkry word.<br><br>4. Dra kennis en begrip skriftelik oor. |

1.2 Die volgende vlakke word gebruik om brongebaseerde vrae te assesseer:

| VLAKKE VAN BRONGEBASEERDE VRAE | |
|---|---|
| **VLAK 1 (V 1)** | • Onttrek toepaslike inligting en data uit die bronne.<br>• Organiseer die inligting logies.<br>• Verduidelik geskiedkundige begrippe. |
| **VLAK 2 (V 2)** | • Kategoriseer geskikte of toepaslike inligtingsbronne wat verskaf word om die vrae wat geopper word, te beantwoord.<br>• Ontleed die inligting en data wat uit 'n verskeidenheid bronne versamel is.<br>• Evalueer die inligtingsbronne wat verskaf word om te besluit of die bronne geskik is vir die taak. |
| **VLAK 3 (V 3)** | • Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne.<br>• Ondersoek inligtingsbronne en evalueer die nut van die bronne vir die taak, met inagneming van steriotipes, subjektiwiteit en gapings in die beskikbare getuienis.<br>• Ontleed geskiedkundige voorstellings as maatskaplike konstruksies.<br>• Ondersoek en verduidelik die dinamiek van veranderende magsverhoudings binne die aspekte van samelewings wat bestudeer word.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en sieninge van mense se optrede of gebeure en veranderings om onafhanklike gevolgtrekkings te maak oor die optrede of gebeure.<br>• Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistieke dalk omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekkings wat uit die data blyk krities. |

1.3 Die volgende tabel dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van alle brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, redenasies, bewyse of voorbeelde.
- By die toekenning van punte moet bepaal word in hoe 'n mate daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- By die nasienriglyne word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

Kopiereg voorbehou 

## 2. UITGEBREIDE SKRYWE

2.1 Die uitgebreide skryfwerk fokus op die volgende vlakke:

| VLAK VAN VRAAG |
|---|
| **Vlak 1**<br>• Bespreek of beskryf volgens 'n gegewe argument wat in die vraag uiteengesit word.<br>• Beplan en konstrueer 'n argument op grond van getuienis en gebruik die getuienis om 'n slotsom te bereik. |
| **Vlak 2**<br>• Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument te bou en gebruik getuienis om die argument te steun.<br>• Staaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument met getuienis.<br>• Skryf duidelik en samehangend wanneer jy die argument saamstel. |

2.2 Nasien van uitgebreide skryfwerk

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die ope-end brongerigte vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

**Globale assessering van uitgebreide skryfwerk**

Die uitgebreide skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die opvoeder die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs "feite" uit te spoeg om 'n hoë punt te behaal nie. Dit sal leerders ook ontmoedig om "modelantwoorde" voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet vir leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag

**Assesseringsprosedures van uitgebreide skryfwerk**

1. Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2. Tydens die eerste deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n koeëlpunt (bullet) in die nasienriglyne), vir elke hoofmoment (ook aangedui met 'n koeëlpunt), 'n relevante slotopmerking (ook aangedui met 'n koeëlpunt). By 'n antwoord waar daar 5 hoofmomente is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

3. Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

   - Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ∧
   - verkeerde stelling ________
   - irrelevante stelling |<br>|<br>|<br>|
   - herhaling **R**
   - analise **A**√
   - interpretasie 1√

4. Die matriks

   4.1 **Die gebruik van 'n analitiese matriks vir die assessering van uitgebreide skryfwerk (verwys na bl. 7)**

   By die nasien van uitgebreide skryfwerk moet die gegewe kriteria in die matriks gebruik word. Beide die inhoud en die aanbieding moet in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

   4.1.1 Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is en die **inhoudsvlak** (op die matriks) word toegeken.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

4.1.2 Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 5 | |

4.1.3 Ken ‘n finale punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | 18-19 |
| A | VLAK 5 | |

**4.2 Gebruik van holistiese rubriek vir nasien van uitgebreide skryfwerk(verwys na bl. 8)**

Die gegewe rubriek wat inhoud en aanbieding in ag neem, moet gebruik word by die nasien van uitgebreide skryfwerk.

| | | |
|---|---|---|
| I & A | VLAK 5 | 18 - 20 |

## Graad 12 Analitiese matriks vir uitgebreide skryfwerk: Puntetotaal: 30

| **AANBIEDING**<br><br>**INHOUD** | **VLAK 7**<br>Baie goed beplan en gestruktureer. Goeie sintese van inligting. Goed gebalanseerde argument is ontwikkel. Argument deurgaans volgehou en verdedig. | **VLAK 6**<br>Goed beplan en gestruktureer. Sintese van inligting. Goed gebalanseerde oorspronklike argument ontwikkel. Gebruik getuienis om die argument te ondersteun. | **VLAK 5**<br>Skrywe gestruktureer. Ontwikkel duidelike argument. Oorspronklike slotsom bereik op grond van getuienis. Getuienis gebruik om argument te ondersteun. | **VLAK 4**<br>Argument beplan en gestruktureer. Getuienis gebruik om te ondersteun.Oorspronklike slotsom bereik. Slotsom nie duidelik ondersteun deur getuienis nie. | **VLAK 3**<br>Argument beplan en gestruktureer. Getuienis gebruik as ondersteuning. Slotsom bereik op grond van getuienis.Skrywe gestruktureer. | **VLAK 2**<br>Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend/gepoog om argument te ontwikkel. | **VLAK 1**<br>Min sprake van analise en geskiedkundige verduideliking. Antwoord glad nie gestruktureerd nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7**<br>Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudseleksie ten volle relevant tot gedagterigting/ argument wat gevolg is. | 27-30 | 24-26 | | | | | |
| **VLAK 6**<br>Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot gedagterigting/ argument wat gevolg is | 24-26 | 23 | 21-22 | | | | |
| **VLAK 5**<br>Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | | 21-22 | 20 | 18-19 | | | |
| **VLAK 4**<br>Vraag herkenbaar in antwoord.Gebreke ten opsigte van inhoud/ irrelevante inhoudseleksie. | | | 18-19 | 17 | 15-16 | | |
| **VLAK 3**<br>Inhoudseleksie hou nie altyd verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 15-16 | 14 | 12-13 | |
| **VLAK 2**<br>Inhoud skraal. Vraag ontoereikend beantwoord. | | | | | 12-13 | 11 | 9-10 |
| **VLAK 1**<br>Vraag nie beantwoord nie. Inhoud ontoereikend. Heeltemaal irrelevant. | | | | | | 9-10 | 0-8 |

**Graad 12 Holistiese Rubriek om uitgebreide skryfwerk te assesseer (bv. Verslag, nuusberig, ens.)**

| **VLAK** | Indien die kandidaat **alle of die meeste van die vaardighede op 'n spesifieke vlak gedemonstreer het, sal die punt relevant tot die kategorie aan hom/haar toegeken word.** |
|---|---|
| **7**<br>**Uitstekend**<br>**80 – 100%**<br>**24 - 30** | Fokus deurgaans op onderwerp – demonstreer 'n logiese en samehangende progressie tot slotsom<br>Duidelike begrip van die bronne<br>Gebruik alle bronne of die meeste daarvan<br>Selekteer relevante bronne<br>Haal selektief aan<br>Groepeer bronne (nie noodsaaklik nie, maar behoort nie bloot bronne te lys nie)<br>Demonstreer agtergrondkennis oor die bronne<br>Waar vanpas, word teenargumente volledig aangespreek<br>Verwys korrek na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid, beperkings van bronne<br>Druk hom-/haarself duidelik uit<br>Eindig met duidelike fokus op die onderwerp – neem standpunt in (m.a.w. bereik 'n onafhanklike/ oorspronklike slotsom) |
| **6**<br>**Verdienstelik**<br>**70 – 79%**<br>**21 - 23** | Wend goeie poging aan om volhoudend te fokus op onderwerp, maar argument verloor soms fokus<br>Duidelike begrip van die bronne<br>Gebruik alle bronne of die meeste daarvan<br>Selekteer relevante bronne<br>Haal selektief aan<br>Moontlike gebrek aan diepte van algemene fokus of verwys nie na een of meer relevante bronne nie<br>Indien van toepassing, poog om teen-argument te oorweeg<br>Ietwat oppervlakkig of poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie<br>Goeie uitdrukking<br>Eindig met duidelike fokus op die onderwerp – neem standpunt in (m.a.w. bereik 'n onafhanklike/ oorspronklike slotsom) |
| **5**<br>**Substantief**<br>**60 – 69%**<br>**18 - 20** | Poog om te fokus op die onderwerp, maar argument het tekortkominge<br>Begryp meeste van die bronne<br>Gebruik meeste van die bronne<br>Selekteer relevante bronne<br>Goeie gebruik van getuienis uit die bronne<br>Goeie poging om teenargument te oorweeg (waar van toepassing)<br>Goeie poging om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid, beperkings van bronne<br>Goeie uitdrukking, maar met foute<br>'n Grootliks onoortuigende poging om standpunt in te neem (beperkte poging om oorspronklike slotsom te bereik) |
| **4**<br>**Gemiddeld**<br>**50 – 59%**<br>**15 - 17** | Poog om op onderwerp te fokus, maar argument verloor dikwels fokus<br>Gemiddelde begrip van meeste van die bronne<br>Gemiddelde gebruik van relevante getuienis uit die bronne<br>Gemiddelde poging om teenargument te oorweeg (waar van toepassing)<br>Gemiddelde poging om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne<br>Uitdrukking toereikend<br>Wend poging aan om standpunt in te neem, maar ernstige gebrek aan skakel met res van opstel<br>Skryfwerk mag neig om bronne te lys en fokus daaraan te haak |
| **3**<br>**Toereikend**<br>**40 – 49%**<br>**12 – 14** | Swak poging om te fokus op die onderwerp<br>Min begrip van die bronne<br>Sukkel omrelevante inligting uit die bronne te lig<br>Geen aanhalings nie – of oor die algemeen irrelevant<br>Geen of baie swak poging om teenargument te oorweeg (waar van toepassing)<br>Bronne word gelys<br>Poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie<br>Swak uitdrukking<br>Swak poging om standpunt in te neem (sukkel om tot 'n onafhanklike slotsom te kom) |
| **2**<br>**Elementêr**<br>**30 - 39%**<br>**09 - 11** | Gebruik slegs een of twee bronne<br>Kan nie relevanta bronne identifiseer nie<br>Geen aanhalings nie – of meestal irrelevant<br>Poog glad nie om teenargument te oorweeg nie (waar van toepassing)<br>Skryfwerk bloot 'n lys van bronne<br>Poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie<br>Baie swak uitdrukking<br>Swak poging om standpunt in te neem, of glad nie |
| **1**<br>**Nie behaal nie**<br>**0 – 29%**<br>**0 - 8** | Geen poging om op die onderwerp te fokus nie<br>Maak glad nie gebruik van bronne nie<br>Heeltemal irrelevant<br>Antwoord uiters swak |

**VRAAG 1: HOE IS SUID-AFRIKA BEVOORDEEL DEUR DIE INEEENSTORTING VAN DIE USSR IN 1989?**

1.1

1.1.1 *[Onttrek relevante inligting uit die bron* V1 LU1 (AS 3)]

- Die ineenstorting van die kommunistiese ideologie in die USSR. (1 × 2) (2)

1.1.2 *[Onttrek relevante inligting uit die bron* – V1 LU1 AS.3] (2 × 1) (2)

- Finansiële ondersteuning
- Morele ondersteuning
- Raadgewing

1.1.3 *[Ontleding van inligting uit die bron* – V*2 LU1 AS3 ]*

- Die ANC het hulp ontvang van die USSR
- Die ANC het saamgewerk met die SAKP
- Die USSR het die kommunistiese ideologie versprei deur hulpverlening (2 × 2) (4)

1.1.4 *[Interpretasie en evaluasie van inligting uit die bron -* V3 LU1 (AS 3)*]*

- Russiese hulp aan die ANC is beëindig
- Die ANC is gedwing om te onderhandel
- Enige ander relevante antwoord (2 × 2) (4)

1.2

1.2.1 *[Ondersoek en verduideliking van die dinamika van veranderende magsverhoudinge* - V3 LU2 AS2]

- Politieke keerpunt in SA
- Het 'n nuwe bedeling in SA teweeggebring

(Enige een) (1 × 2) (2)

1.2.2 [*Ontleding van inligting uit die bron* – V2 LU1 AS3]

- Hulle was onbewus van die moontlike gevolge
- De Klerk het nie verwag dat sy hervormings sou lei tot swart meerderheidsregering nie
- Gorbachev kon nie geweet het dat sy herstrukturering sou lei tot die val van kommunisme nie (1 × 2) (2)

1.2.3 *[Vergelyk en kontrasteer V3 LU2 AS3]*

**Ooreenkomste**

- De Klerk en Gorbachev het albei hervormingsbeleid gevolg
- In beide lande was daar ‘n gewaarwording van trauma en opgewondenheid
- In SA het apartheid tot einde gekom en in Europa het die Berlynse muur geval.

**Verskille**

- Gorbachev het nie verwag om gedeeltes van Oos-Europa te verloor nie
- Gorbachev het nie verwag dat hervorming sou lei tot die val van kommunisme nie, terwyl De Klerk nie swart meerderheidsregering in SA verwag het nie
- De Klerk het nie die einde van Afrikanernasionalisme verwag nie.

(enige 2 x 2) (6)

1.3

1.3.1 *[Verduideliking van Geskiedkundige berippe – V1 LU2 AS1]*

- “n Ekonomiese beleid waar die regering groot industrieë oorneem (3)

1.3.2 [*Ontleding van inligting uit die bron V2 LU1 AS3]*

- Groei met herverdeling beklemtoon
- Klem op gemengde ekonomie eerder as nasionalisering (2 × 2) (4)

1.3.3 *[Ondersoek en verduideliking van die dinamika van veranderende magsverhoudinge V3 LU2 AS 2]*

- Nasionalisasie van myne is vertraag
- Die ANC en die apartheidsregering het albei ‘n onderhandelde skikking oorweeg.
- Die ANC het besluit op ‘n gemengde ekonomie
- Enige ander relevante antwoord (2 × 2) (4)

1.4

1.4.1 *[Ontleding van inligting uit bronne V2-LU1 AS3]*

$850 miljoen lening toegestaan (1 × 2) (2)

1.4.2 *[Ontleding van inligting uit die bronVL2 LU3 AS2*].

- Om betalingsbalans te ondersteun na afname in landboukundige uitvoere
- Toename van invoere na lang droogte (2 × 1) (2)

1.4.3 *[Sintese van inligting om 'n oorspronklike argument te bou V3 LU3 AS2]*

- Sodat die ekonomie verantwoordelik bestuur sou word
- SA sou die Algemene Ooreenkoms van Tariewe en Handel teken
- Enige ander relevante antwoord (1 × 2) (2)

1.5 *[Ontleding van inligting van verskeie bronne V2 LU1 AS3]*

- Val van kommunisme
- SA moes internasionale posisie heroorweeg
- Verbrokkeling van die Sowjetunie
- Internasionale organisasies soos die VVO (UNO)
- Politieke druk van binne en buite die land
- Enige ander relevante antwoord (6)

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | ● Kan nie bewyse uit die bronne trek nie of doen dit op 'n baie elementêre wyse<br>● Gedeeltelike gebruik van bewyse om oor die onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie | Punte: 0 – 2 |
| **VLAK 2** | ● Trek oorwegend relevante bewyse uit bronne wat grootliks betrekking het op die onderwerp<br>● Maak op 'n baie basiese wyse gebruik van bewyse uit die bronne | Punte: 2 – 4 |
| **VLAK 3** | ● Onttrek relevante bewyse uit die bronne<br>● Bewyse het duidelik betrekking op die onderwerp<br>● Bewyse uit die bronne word effektiewelik gebruik in 'n beplande paragraaf wat dui op begrip van die onderwerp | Punte: 4 – 6 |

1.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK

1.6.1 [*Interpretasie, ontleding en sintese van bewyse* V1 & 2 LU1 AS3 & 4 LU2 AS1, 2 & 3 LU3 AS1 2, 3 & 4)]

Kandidate behoort die volgende aspekte by hul antwoorde in te sluit:

SINOPSIS:
Kandidate moet verduidelik hoe die ineenstorting van die USSR bygedra het tot die einde van apartheid in Suid-Afrika.

HOOFMOMENTE:

INLEIDING: Kandidate moet bespreek hoe die val van die USSR bygedra het tot die val van die apartheidsbewind in Suid-Afrika.

UITBREIDING:

- Kommunisme kon nie meer gebruik word as 'n dreigement om apartheid te regverdig nie.
- Kon nie op pro-westerse kapitalistiese lande staatmaak om vryheid te stuit nie
- Bewegings wat hulle by kommunistiese state geskaar het
- Verandering van leierskap
- De Klerk se reaksie
- Druk van voormalige bondgenote
- Ontbanning van politieke organisasies
- Voormalige bondgenote van SA word vyande
- SA se posisie was nou strategies onbelangrik. (30)

SLOT:

- Kandidate moet fokus op hoe die val van kommunisme op Suid-Afrika 'n impak gemaak het.

**OF**

1.6.2 [*Ondersoek en verduidelikingvan die dinamika van veranderende magsverhoudinge*
*V3 LU1 AS 3 & 4 LU2 AS1, 2, 3 LU3 AS 1, 2,3]*

Kandidate behoort die volgende aspekte by hul antwoorde in te sluit:

SINOPSIS:
Kandidate moet 'n spesifike standpunt inneem en die argument met relevante bewyse ondersteun. Antwoorde moet fokus op die val van die USSR en who did bygedra het tot die beëindiging van die apartheid bevind in Suid-Afrika.

UITBREIDING:

- Druk op SA om apartheid te beëindig
- SA kon nie meer op Westerse steun staatmaak vir anti-kommunisme nie
- Toenemende spanning binne die Nasionale Party self
- Verandering van Nasionale Party leierskap in 1989
- ANC hoë verwagtinge oor nasionalisering van sleutelbates
- Verskuiwing in die magsbalans
- Die NP wou die tempo van verandering beheer en apartheid ontbind, maar nog steeds mag behou
- Die NP het geglo die ANC was polities swak na 30 jaar van ballingskap
- Sanksies en onttrekking van belegging het ernstige uitwerking op die ekonomie gehad
- SA weermag in Angola verslaan deur Kubaaanse, Angolese en SWAPO magte
- Enige ander relevante inligting

SLOT:

- kandidate moet hulle argument saambind deur te fokus op die gebeure in die USSR wat 'n impak gehad het op die beëindiging van apartheid in Suid-Afrika.

(30)
**[75]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE INEENSTORTING VAN DIE SOVJET-UNIE 'N IMPAK OP DIE AFRIKA-STATE SOOS ZAÏRE GEHAD (NOU DIE DEMOKRATIESE REPUBLIEK VAN KONGO)?**

2.1
2.1.1 *[Onttrek inligting uit Bron 2A – L1 – LO1; AS3]*
- VS-verhoudinge met Kinshasa het afgekoel
- Zaïre nie meer nodig as Koue Oorlog-bondgenoot nie

(enige 1 x 2) (2)

2.1.2 *[Ontleding van historiese begrippe uit Bron 2A- L1- LO2; AS1]*
- Die naam het sterk konnotasies met Mobutu se heerskappy gehad

(enige 1 x 2) (2)

2.1.3 *[Verduideliking van konsepte uit Bron 2B – L1 – LO2; AS2, 3]*
- Om 'n derde republiek in 1990 te verklaar
- Om 'n grondwet vir demokratiese hervormings vry te stel (2 x 2) (4)

2.1.4 *[Interpreteer en ontleed inligting uit Bron 2A – L2 – LO1; AS3]*
- Het die weg na demokratiese hervorming berei
- Het bygedra om die naam van Zaïre na DRK te verander (enige 2 x 2) (4)

2.2
2.2.1 *[Interpreteer en evalueer bewyse uit Bron 2B – L1 – LO1; AS3; LO2; AS2]*
- Die Burgeroorlog in die Kongo was 'n gevolg van die verkoop van wapens uit die VSA
  Dit het 'n nalatenskap van geweld en brutaliteit gelaat. (1 x 3) (3)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – L1 – LO1; AS3; LO2; AS2]*
- Hulle het aan beide Mobutu en Kabila wapens verkoop, en sodoende 'n verdeeldheid tussen hierdie mans geskep.
- Hulle het die brutale regeringstelsels van Mobutu en Kabila ondersteun.
- Het militêre ondersteuning aangebied deur 'n plan vir nuwe opleidingsoperasies met die gewapende magte te ontwikkel
- Het $300 miljoen in wapens en $100 miljoen in militêre opleiding voorsien

(2 x 2) (4)

**2.2.3** *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – L1 – LO1; AS3; LO2; AS2]*
- Gebruik die VS se wapens teen sy eie mense
- Plunder sy land se ekonomie (2 x2) (4)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – L1 – LO1; AS3; LO2; AS2]*
- Is bevooroordeeld
- Slegs invloed van VS
- Verwys nie na impak van ineenstorting van Sowjet Unie (2 X 2) (4)

2.3.1 *[Onttrek inligting uit Bron 2C – L1-LO1; AS3]*
- Beide bronne weerspieël Mobutu se brutaliteit
- Beide bronne weerspieël die VSA se betrokkenheid (2 x 2) (4)

2.3.2 *[Interpretasie en ontleding van bewyse uit Bron 2C – L2 – LO1; AS 3]*
- Onder leiding van die CIA is die Rwandese en Ugandese troepe opgelei om Zaïre binne te van

2.3.3 *[Interpretasie en ontleding van bewyse uit Bron 2C – L2 – LO1; AS3/4]*
- Die Rwandese leier is by die Amerikaanse weermagbevelsgebied
- Die Amerikaanse spesiale magte het die Rwandese weermag opgelei
- Rwandese soldate is in Noord-Carolina opgelei (2 x 2) (4)

2.4 *[Interpretasie, ontleding en sintese van bewyse uit al die bronne - L2 – LO1 (AS3, 4); LO2 (AS1, 2 &3); LO3 (AS1, 2, 3 &4]*

Kandidate behoort op die volgende aspekte in hulle antwoord te fokus:
- Mobutu nie meer 'n bondgenoot van die Weste nie
- Mobutu verloor die ondersteuning van die VSA
- Troepe in Amerika opgelei het Mobutu tot 'n val gebring
- VSA ondersteun Kabila
- Enige ander relevante punt

Gebruik die volgende om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Kan nie bewyse uit die bronne onttrek nie, of doen dit op 'n baie elementêre wyse<br>• Gedeeltelike gebruik van bewyse om oor die onderwerp te skryf, of kan nie oor die onderwerp skryf nie | Punte: 0 – 2 |
| **VLAK 2** | • Onttrek oorwegend relevante bewyse uit die bronne wat grootliks berekking het op die onderwerp<br>• Maak op 'n baie basiese wyse gebruik van bewyse uit die bronne | Punte: 2 – 4 |
| **VLAK 3** | • Onttrek relevante bewyse uit die bronne<br>• Bewyse wat onttrek is, het duidelik betrekking op die onderwerp<br>• Bewyse uit die bronne word baie effektief in 'n beplande paragraaf gebruik, wat dui op begrip van die onderwerp | Punte: 4 – 6 |

(6)

(45)

## 2.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK

2.5.1 *[Ontleding, sintese en die vermoë om 'n samehangende argument te konstrueer, op bewyse gebaseer – L1- 3 – LO 2; AS 2,3; LO3; AS1, 2, 3 &4]*

Kandidate behoort die volgende aspekte by hul antwoorde in te sluit:

SINOPSIS

Kandidate moet 'n duidelike standpunt inneem en daardie lyn van argument met relevante motivering ondersteun. Antwoorde behoort op die val van Mobutu Sese Seko te fokus.

HOOFMOMENTE

- Inleiding: Kandidate moet hulle siening aandui en toon hoe hulle beplan om dit te ondersteun.

UITBREIDING

- Fokus op die ineenstorting van die Sowjet-Unie wat Mobutu nie meer gedink het nodig was as 'n Koue Oorlog-bondgenoot nie.
- Die impak van die Koue Oorlog op die Kongo
- Die einde van die Koue Oorlog
- Brutaliteit van Mobutu se regeringstelsel
- VSA-verhoudinge met Zaïre koel af
- VSA ondersteun Mobutu se omverwerping
- Mobutu se val
- Enige ander relevante punt

- Slot: Kandidate moet hulle argument saamvat deur op die faktore wat tot die val van Mobuto Sese Seko bygedra het, te fokus.
(30)

**Gebruik die matriks op bladsy 6 in hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesseer .**

2.5.2 *[Ontledings, sintese en die vermoë om 'n samehangende argument te konstrueer, op bewyse gebaseer – L1- 3 – LO 2; AS 2,3; LO3; AS1,2, 3 &4]*

Kandidate behoort die volgende aspekte by hul antwoorde in te sluit:

SINOPSIS
By die skryf van hierdie artikel moet kandidate aandui hoe die ineenstorting van die Sowjet-Unie tot die val van Mohutu Sese Seko gelei het.

HOOFMOMENTE

Inleiding: Kandidate moet beklemtoon hoe die ineenstorting van die Sowjet-Unie tot die val van Mohutu Sese Seko gelei het.

UITBREIDING

- Bespreek in breë trekke die USSR se ekonomiese en politieke invloed in Zaïre
- Fokus op Zaïre se vertroue op die USSR vir ondersteuning
- Die beëindiging van die Koue Oorlog
- Die impak van die einde van die Koue Oorlog op Zaïre
- Politieke en ekonomiese onstabiliteit in Zaïre
- Amerikaanse invloed op die val van Mobutu
- Enige ander relevante punt

Slot: Kandidate moet hulle argument saamvat deur te beklemtoon hoe die ineenstorting van die Sowjet-Unie tot die val van Mohutu Sese Seko gelei het.
(30)

Gebruik die matriks op bladsy 6 in hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesseer .

**[75]**

## VRAAG 3: HOE HET P.W. BOTHA SE TOTALE STRATEGIE BYGEDRA TOT DIE KRISIS VAN DIE 1980's?

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 *[Verduideliking van geskiedkundige begrippe* V1&V2 AS'S 1&2]

(a)

- Maatskaplike veranderinge om lewensgehalte te verbeter/verander.
- Verwyder onregverdigheid.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 × 2) (2)

(b)

- Politieke stelsel wat geen vryheid toelaat nie.
- Streng beheer.
- Wrede wette.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 × 2) (2)

3.1.2 *[Onttrek relevante inligting uit die bron V*1– LU1AS3]

- Sy gesig neem die vorm aan van die kaart van Afrika (1 × 2) (2)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit 'n bron V*3 – LU1 AS3]

- Kwaad
- Ongevoelig
- Wreed
- Wraaksugtig
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 × 3) (3)

3.2 Refer to Source 3B

3.2.1 *[Ontleding van geskiedkundige begrippe uit die bron*
V1–LU1 AS 3: LU 2 AS 2]

- Vorm van parlement geskep n.a.v. nuwe Konstitusie in 1983.
- Parlement bestaan uit drie kamers
- Afsonderlike Parlement vir blanke, kleurling- en Indiërverteenwoordigers.
- Parlement het swartes uitgesluit.
- Konstitusie wat verseker het dat die mag in die hande van die blanke parlement gebly het
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 × 2) (4)

3.2.2 *[Onttrek relevante inligting uit die bron* V1-LU1 AS1]

- Blankes
- Kleurlinge
- Indiërs (3 × 1) (3)

3.2.3 *[Evalueer die bruikbaarheid van bron* 3A V2-LU1 AS4]

- Bruikbaar omdat dit inligting aan lesers verskaf.
- Toon belangrikheid.
- Verskaf goeie bewyse.
- Goeie agtergrondsinligting. (2 × 2) (4)

3.3

3.3.1 *[Onttrek relevante inligting uit die bron V1 LU1 AS3]*

- Sy was een van die presidente van die UDF
- Spreek kritiek uit teenoor hervorming van regeringsbeleid
- Plaas klem op die veelrassige aard van die UDF
- Eis die vrylating van Nelson Mandela en Walter Sisulu
- Enige ander relevante antwoord (Enige 3 × 2) (6)

3.3.2 *[Interpretasie en evaluering van inligting V3 LU1 AS3]*

- UDF was die susterorganisasie van die ANC
- Die driekamer parlement het haar kwaad gemaak
- Enige ander relevante antwoord (2 × 2) (4)

3.3.3 *[Vergelyking en kontrastering van mense se optrede V3 LU2 AS3]*

- Beleid van verdeel en regeer
- Voortsetting van apartheid
- Enige ander relevante antwoord (1 × 2) (2)

3.4 Bestudeer Bron 3D

*3.4.1* *[Onttrek relevante inligting uit die bron V1 LU1 AS3]*

- RENAMO en UNITA (2 × 1) (2)

3.4.2 *[Evaluasie van inligting om bruikbaarheid te bepaal V3 LU1 AS4]*

Bruikbaar
- Daar is inligting oor weermagoptrede teen SA aktiviste
- Heelwat aktiviste gedood en beseer
- Enige ander relevante antwoord

Onbruikbaar
- Die gebeure in die bron het buite Suid-Afrika gebeur en is bevooroordeeld ten gunste van die SA regering.
- Die skrywer het staatgemaak op regerings propaganda as bron.
- Enige relevante antwoord (2 × 2) (4)

3.4.3 [*Analyses of information V2 LU1 AS4]*

- Het asiel verskaf (Vlugtelinge/beskerming) (1 × 2) (2)

3.4.4 [*Ontleding en interpretasie van bewyse uit bron LU1 AS3 LU2 AS3]*

- Vooroordeel

3.5 *[Interpretasie, ontleding, evaluering en sintese van bewyse V3, LU2 (AS2) LU1 (AS 4)]*

Kandidate moet fokus op die optrede van die apartheidsregering

- SA regering het buurlande probeer verhoed om vryheidsbeweging te steun.
- Grensklopjagte op vermoedelike ANC basisse.
- SA politieke leiers in asiel geteiken.
- Heelwat gedood en beseer
- SAWM het guerrillagroepe gesteun

Kandidate moet slotsom bereik oor of die optrede gedui het op sukses of mislukking. (6)

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | ● Kan nie bewyse uit die bronne trek nie of doen dit op ‘n baie elementêre wyse<br>● Gedeeltelike gebruik van bewyse om oor die onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie | Punte: 0 – 2 |
| **VLAK 2** | ● Trek oorwegend relevante bewyse uit bronne wat grootliks betrekking het op die onderwerp<br>● Maak op ‘n baie basiese wyse gebruik van bewyse uit die bronne | Punte: 2 – 4 |
| **VLAK 3** | ● Onttrek relevante bewyse uit die bronne<br>● Bewyse het duidelik betrekking op die onderwerp<br>● Bewyse uit die bronne word effektiewelik gebruik in ‘n beplande paragraaf wat dui op begrip van die onderwerp | Punte: 4 – 6 |

3.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK

3.6.1 *[Analise, sintese en die vermoë om ‘n samehangende argument te konstrueer, gebaseer op bewyse V*1 –V3 LU2 (AS 2 & 3) LU3 (AS2 & 3)]

Kandidate behoort die volgende aspekte by hul antwoorde in te sluit:

SINOPSIS:
Kandidate moet fokus op die interne en eksterne druk wat die SA regering in die 1990’s gedryf het om te verrys as demokrasie.

Hoofmomente

INLEIDING:
Kandidate moet interne en eksterne druk noem wat die regiering en die ANC gedwing het om te onderhandel.

UITBREIDING:
**INTERNE DRUK**

- Driekamer-parlement
- UDF

- Sebokeng
- Boipatong
- Besigheidsleiers geaffekteer deur sanksies
- Ekonomiese krisis – waarde van die rand
- COSATU en MDA aktiwiteite

**EKSTERNE DRUK**

- VVO
- Internasionale sanksies en boikotte
- Statebond
- Angolese krisis – Cuanavalle

SLOT:

- Kandidate moet hulle argument saamvat deur te wys hoe die voorafgaande druk geplaas het op die SA regering.

**OF**

3.6.2 [*Vergelyking en kontrastering van interpretasies en perspektiewe van menslike aksies om 'n onafhanklike gevolgtrekking te maak* *V*3 LU2 (AS3) LU3 (AS1)]

Kandidate behoort die volgende aspekte by hul antwoorde in te sluit:

SINOPSIS:

Kandidate moet die proses beskryf wat gelei het tot die nuwe demokratiese Suid-Afrika van 1990 tot 1994..

Hoofmomente

INLEIDING:

Kandidate moet 'n vriend/vriendin inlig oor die politieke prosesse, van onderhandelinge en geweld tot die ooorgang/verandering.

UITBREIDING:

- Breë raamwerk van die ontbanning van politieke partye en leiers, asook die vrylating van leiers soos Nelson Mandela.
- Redes vir die NP se gewilligheid om te onderhandel
- Proses van onderhandeling, saambring van teenpartye (bv. Groote Schuur Minute, Pretoria Minute, Codesa I en II), blanke referendum
- Uitvoerende Oorgangsraad
- Onrus, bv. Verrysing van COSAG, geweld in Boipatong, Natal en elders, ver-regse aktiwiteite, die rol van APLA, die dood van Chris Hani (Toon hoe daar gepoog is om die onderhandelingsproses te ontspoor)
- Enige relevante inligting

SLOT:

Kandidate moet hulle argument saamvat met 'n relevante slot. (30)

**[75]**

GEBRUIK DIE MATRIKS OP BLADSY 7 VAN HIERDIE DOKUMENT OM DIE UITGEBREIDE SKRYFWERK TE ASSESSEER.

.

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 4: HET DIE WVK (WAARHEIDS- EN VERSOENINGSKOMMISSIE) SUKSES BEHAAL OM VERSOENING TEWEEG TE BRING IN SUID-AFRIKA?**

4.1

4.1.1 *[Onttrek relevante inligting uit bron* 4A – V1- LU1; AS3 &4]

- Aartsbiskop Desmond Tutu
- Alex Boraine (2 × 1) (2)

4.1.2 *[Onttrek relevante inligting uit bron* 4A – 11- LU1; AS 3 & 4]

- Ondersoek die skending van menseregte deur alle kante tussen 1960 en 1994.
- Hoor getuienis aan van slagoffers en geweldenaars
- Staan vrywaring van vervolging/ siviele aksie toe aan die skuldiges waar daar volle openbaring was en duidelike bewyse van politieke motivering.
- Voorstelle maak vir vergoeding aan slagoffers (4 × 1) (4)

4.1.3 *[Ontleding van data uit Bron* 1C – V1 & 2 - LU1 (AS 3); LU2 (AS 3); LU3 (AS2)]

- Sommiges het geglo dat daar verhore moes wees vir oorlogsmisdade, soos die Nuremburg verhore vir Nazi oorlogsmisdadigers.
- Ander het geglo dat ‘n waarheidskommissie sou ontaard in ‘n heksejag wat ou wonde weer sou oopkrap.
- Mense wat gruwelike skending van menseregte gepleeg het, het skotvry daarvan afgekom.
- Baie mense het dit moeilik aanvaar dat mense wat skrikwekkende misdade gepleeg het, vrygeloop het bloot omdat hulle dit openlik erken het.
- Nie almal wat aansoek gedoen het vir amnestie het berou getoon nie.
- Sommige oortreders, soos P.W. Botha, het geweier om te getuig.

(2 × 2) (4)

4.1.4 *[Vergelyk en kontrasteer interpretasie van gebeure uit die bron V*2 LU1 (AS3)*]*

- Die doelwit van die WVK was om die verlede te oorkom deur erkenning en vergifnis.
- Suid-Afrikaners kon met mekaar versoen om ‘n nuwe nasie te bou.
- Die nuwe konstitusie steun die idee van nasionale eenheid gebaseer op versoening en maatskaplike heropbouing.

(2 × 2) (4)

4.2

4.2.1 *[Interpretasie en evaluasie van inligting uit die bron V*3-LU1 (AS3)]

- Sy het jare lank moes wag om die waarheid te hoor oor haar seun se dood.
- Al wat sy van hom gehad het, was ‘n handvol van sy hare.
- Sy moes die pyn verduur van ‘n konfrontasie met die man wat haar seun se lot verseël het.

(1 × 2) (2)

4.2.2 *[Onttrek relevante bewyse uit bron* 4B V1 *LU1 AS 3]*

- Siphiwo Mthimkulu (slagoffer)
- Gideon Nieuwoudt (oortreder) (1 × 2) (2)

4.2.3 *[Interpretasie en evaluasie van inligting uit bron* V2 LU1 (AS3)]

- Enige relevante antwoord word aanvaar. Die kandidaat moet sê tot watter mate hy/sy glo dat heling plaasgevind het en moet die antwoord motiveer. (1 × 3) (3)

4.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4B* - V3- LU2 (AS 3) LU3 (AS 1 &2)]

**STEM SAAM**

- Die toestaan van amnestie vir diegene wat skuld erken word by die slagoffers se kele af gedruk.
- Na tien jaar in bewind moes die regering al teen die oortreders opgetree het.

**STEM NIE SAAM NIE**

- Enige relevante motivering (2 × 1) (2)

4.2.5 [*Vergelyking en kontrastering van inligting uit bronne* V3 LU2 AS 3 LU3 (AS 1 & 2)]

- Pyne en lyding en onbeantwoorde vrae
- Lang wag van 20 jaar vir die waarheid om uit te kom. (2 × 2) (4)

4.3

4.3.1 *[Onttrek relevante inligting uit bron* 4C VI LUI (AS 3) LU 3 (AS 2)]

- Albie Sachs was daarvan oortuig dat die WVK 'n onmeetbare bydrae gelewer het tot die 'humanisering' van SA.

(1 × 2) (2)

4.3.2 *[Interpretasie en evaluasie van inligting uit bron*
V 3 LU1 (AS 3) LU2 (AS3)]

- Die WVK het die apartheidsleiers toegelaat om die net vry te spring.
- Die oortreders was ontevrede oor die stelsel van amnestie.
- Baie misdade van die apartheidsregering en die vryheidsbeweging is nog steeds onverantwoord. (2 × 2) (4)

4.3.3 *[Evaluasie van bewyse uit bron V*2 LU1 (AS 3) LU2 (AS3)]

- Baie oortreders kon nie alles blootlê nie.
- Die WVK kon nie die wreedhede van apartheid en die wreedhede van die vryheidsbeweging gelykstel nie.
- Die ANC het 'n formele reaksie op die WVK se aanbevelings vertraag.
- Enige ander relevante antwoord (1 × 2) (2)

4.3.4 [*Vergelyk en kontrasteer interpretasies van gebeure uit die bron*
*V*3 LU2 (AS3)]

- In Bron 4B toon die stories ontevredenheid met die WVK.
- Bron 4C toon dat Albie Sachs tevrede was met die werk van die WVK. (2 × 2) (4)

4.4 *[Interpretasie, ontleding en sintese van bewyse uit bron 4A, 4B en 4C*
*V3-LU2 (AS2); LU3 (AS1)]*

- Rede vir die vorming/ opstelling van die WVK.
- Die WVK het getuienis aangehoor van die slagoffer sowel as die oortreder.
- Hoe die WVK in SA beskou is.
- Die belangrikheid van die WVK in die poging om wonde van die verlede te heel.

(6)

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | ● Kan nie bewyse uit die bronne trek nie of doen dit op 'n baie elementêre wyse<br>● Gedeeltelike gebruik van bewyse om oor die onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie | Punte: 0 – 2 |
| **VLAK 2** | ● Trek oorwegend relevante bewyse uit bronne wat grootliks betrekking het op die onderwerp<br>● Maak op 'n baie basiese wyse gebruik van bewyse uit die bronne | Punte: 2 – 4 |
| **VLAK 3** | ● Onttrek relevante bewyse uit die bronne<br>● Bewyse het duidelik betrekking op die onderwerp<br>● Bewyse uit die bronne word effektiewelik gebruik in 'n beplande paragraaf wat dui op begrip van die onderwerp | Punte: 4 – 6 |

4.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK

4.5.1 [*Analise, sintese en die vermoë om 'n samehangende argument te konstrueer, gebaseer op bewyse* V1- V3 – LU2 (AS 2, 3) LU3(AS1, 2, 3 & 4)]

Kandidate behoort die volgende aspekte by hul antwoorde in te sluit:

SINOPSIS:
Kandidate moet die redes vir die totstandkoming van die WVK bespreek, en die rol wat die WVK gespeel het om Suid-Afrika te genees van sy verdeelde verlede.

HOOFMOMENTE:

INLEIDING:

Kandidate moet die werk van die WVK, om Suid-Afrika se verlede te genees, bespreek.

UITBREIDING:

Die kandidate moet fokus op:

- Die daarstelling van die WVK
- Doelstellings van die WVK
- Aanbevelings deur die WVK
- Amnestie, straf en vergoeding is nie aangespreek nie.
- Gelykstelling van regverdige gronde en onregverdige gronde

SLOT:

- Kandidate moet hulle argumente saamvat met 'n relevante slot. (30)

**OF**

4.5.2 *[Volhouding en verdediging van 'n samehangende en gebalanseerde argument met bewyse* V2 – V3 (AS 3 , 4)]

Kandidate behoort die volgende aspekte by hul antwoorde in te sluit:

SINOPSIS:

Met die skryf van hierdie artikel moet die kandidate 'n spesifieke lyn van argument volg waarin die werk van die WVK óf gesteun word, óf teengepraat word. Hulle moet fokus op die resultate van die proses en die effektiwiteit daarvan.

Kandidate moet ook rede voer oor die belangrike looppunte van die WVK proses.

UITBREIDING:

Kandidate moet fokus op die volgende:

- Die feit dat die WVK nie met al die skendings van menseregte gedeel het nie
- Aktiwiteite waarby agente van die apartheidsregering betrokke was, is geïgnoreer.
- Die WVK het 'n misleidende verslag vrygestel oor die aard van ernstige skendings van menseregte.
- Die WVK se onvermoë om die geweldenaars te straf.
- Die gebrek aan bevredigende vergoeding aan die slagoffers.

SLOT:

Kandidate moet hulle argumente saamvat met 'n relevante slot. (30)
**[75]**

GEBRUIK DIE MATRIKS OP BLADSY 7 VAN HIERDIE DOKUMENT OM DIE UITGEBREIDE SKRYFWERK TE ASSESSEER.

# GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou